



Winnie-nuus

Algemene nuusbrieff: 5 Junie 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. GRAAD 8 INSKRYWINGS VIR 2021

Die Graad 8-inskrywings vir 2021 open op 25 Junie op die aanlynstelsel van die Departement van Onderwys. U gaan op die webwerf www.gdeadmissions.gov.za aansoek doen vir registrasie tot die Hoërskool. Stuur gerus u e-pos adres na admin@wonnies.co.za om meer inligting hieromtrent te ontvang.

Graad 8: Aanlyn-inskrywings vir 2021

2. HEROPENING VAN SKOLE

Die Gazette is deur die Departement van Onderwys vrygestel vir die heropening van skole: Die indeling is soos volg:

Graad 12: 8 Junie 2020

Graad 10-11: 6 Julie 2020

Graad 8-9: 3 Augustus 2020

Soos u egter in die media gesien het, kan die datums verander word. Indien dit gebeur, sal die skool u, sodra hul die amptelike inligting ontvang, u dadelik laat weet.



Departementele regulasies volgens die staatskoerant het die datums van infasering van ander grade soos hierbo aangedui. Skole mag spesiale aansoek doen by die HOD om ander grade voor hierdie tyd in te neem. Die Beheerliggaam tesame met die bestuur sal eers alle faktore in ag neem en 'n verantwoordelike besluit maak rakende ander grade se vroeë infasering.

3. KEUSE: AANLYNKLASSE OF SKOOL TOE KOM

Die Departement van Onderwys het aanvanklik aangedui dat ouers die keuse kan uitoefen t.o.v. aanlynonderrig of terugkeer skool toe. Dienooreenkomstig het ons 'n keusevorm uitgestuur. Die keuse is egter nou in die Government Gazette No. 43372 en die omsendbrief, soos ontvang op 5 Junie vanaf die Departement, verander na **SLEGS LEERDERS MET KO-MORBIDITEITE wat kan tuis bly**. Die ouers moet dan die skool van mediese verslae voorsien waarin die ko-morbiditeite bevestig word. Die tuisstudie-opsie, by 'n ander instelling, geld ook net vir Graad 1-9. Indien die leerder, weens ko-morbiditeite tuis moet bly, stel die Government Gazette dat die ouer volle verantwoordelikheid neem. Dit plaas ouers in 'n baie moeilike posisie.

Die Hoërskool Wonderboom het egter onderneem om wel die leerders te ondersteun. Kommunikasie vir die leerders gaan steeds op Google Classroom geplaas word. Leerders gaan voorsien word van die week/dag se werk in PDF-/Word-formaat.

3. VOORTGAAN MET DIE KURRIKULUM (GR 8-11)

Die departement het 'n "Revised National Curriculum" vir elke graad vrygestel. Hiervolgens is daar aangepaste kurrikulum-inhoude vir graad 8-11. Dit is die minimin vereistes wat behandel moet word vanaf die datum wat die leerders terugkeer skool toe.

Leerders by Die Hoërskool Wonderboom ontvang egter deurentyd aanlynklasse. Die doelwit is om steeds leerders sinvol voor te berei vir die volgende graad en daarom gaan ons poog om die oorspronklike kurrikulum sover as moontlik wel te voltooi. So wil ons steeds uitmenendheid op akademiese gebied bereik.

Dit beteken dat u kind deurgaans aanlynklasse gaan ontvang totdat hy/sy terugkeer skool toe. Indien die skool nie poog om die totale kurrikulum te voltooi nie, gaan die dele wat nie afgehandel is nie, in die volgende graad hanteer moet word. Dit kan dan weer implikasies hê soos langer skoolure ens. Daarom wil ons eerder nou u kind sover as moontlik sinvol in alle aspekte van die kurrikulum onderrig.

4. TOETSE VAN KWARTAAL 1

Verskeie vakke se toetse was geskeduleer vir Kwartaal 1. Die toetse kon weens die grendeltyd nie voltooi word nie. Die volgende toetse sal dus op **10 Junie** d.m.v. Google Classroom hanteer word. Indien u enige probleme rakende Google Classroom ervaar, kan u die betrokke personeellid kontak om 'n alternatiewe reëling te tref. Hierdie leerders sal op die skoolterrein geakkomodeer word. Maak asseblief seker dat u met die personeellid van die vak reël, sodat die leerder toegang tot die skool kan kry. Die leerders kom skryf in skoolklere.


Graad 8: Wiskunde

Graad 9: Engels

Graad 10: Wiskunde

Graad 11: Afrikaans

Graad 12: Wiskunde Geletterdheid



Die **Graad 8- en 9-leerders** het ook 'n **EBW-toets** wat steeds hanteer moet word. Hierdie toets sal op **12 Junie** op Google Classroom geskryf word. Die reëls soos hierbo genoem, sal ook vir hierdie toetse geld. Na afloop van dié toetse sal u kind se punte op D6 opdateer word ten einde die finale punt vir kwartaal 1 te reflekteer.

4. SKOOLGELD

Die betaling van skoolgelde is 'n statutêre verpligting wat groot debat in hierdie grendeltyd ontlok het. Volgens die SA Skolwet is ouers verplig om skoolgeld te betaal. Die Hoërskool Wonderboom het alle redelike aksies in plek geplaas sodat ouers steeds onderrig ontvang. 'n Google Classroom Suite is gestig, waarop leerders alle werk, soos deur die kurrikulum bepaal, ontvang. Personeel is ook in die afgelope tyd opgelei, sodat alle lesse nie net 'n plasing van 'n PDF- of Word-dokument is nie, maar dat dit 'n fisiese aanbieding van 'n les is. Leerders wat nie toegang tot internet het nie, se werk word ook weekliks afgerol en versprei.

Daar is dus aan die normale verantwoordelikheid van die skool t.o.v. skoolgee voldoen. Hiermee saam is die skool steeds verantwoordelik vir die betaling van salarisse, kontrakte vir bv. afrolmasjiene, telefone ens. – alles wat elke kind nodig sal hê om steeds funksioneel skool te kan gaan wanneer normale omstandighede weer heers. Ons vra u as ouers dus om asseblief u verantwoordelikheid t.o.v. skoolgelde na te kom.



Ons besef ook dat sekere ouers, binne die huidige omstandighede, groot finansiële uitdagings moet trotseer. Indien u enige probleme rakende skoolgelde ervaar, kontak gerus me Melissa Benninghof by invorderaar@wonnies.co.za vir hulp.

5. RAPPORTE

Weens die grendeltyd kon geen leerder 'n rapport ontvang nie. U kan egter op die D6-toep u kind se punte gaan sien. Sodra alle kwartaal 1 toetse van 10 Junie afgehandel is en alle PAT-take gemerk is, sal daar rapporte via e-pos na u uitgestuur word.

6. ASSESSERINGS

Ten einde die moontlikheid van die verspreiding van die Covid-19 virus te beperk, sal assesserings sower moontlik op Google Classroom plaasvind. Kenmerkend van die virus is om van oppervlakte na oppervlakte deur handaanraking te versprei. Daarom is die hantering van papier tydens toetse, waar die personeel dit hanteer, vir u kind gee en die leerder dit weer teruggee, 'n situasie wat ons so ver as moontlik wil verhoed.

Indien u dus aangedui het dat u kind gaan terugkeer skool toe, moet u kind asseblief nie dié Google Classroom verlaat nie, aangesien assesserings daar gaan plaasvind. Soos hierbo genoem, sal leerders wat aangedui het dat hul nie toegang tot internet het nie, op die skoolterrein vir dié assesserings akkomodeer word.

U kind moet ook op die Google Classroom wees onder sy/haar name. Nie een of ander skuilnaam soos "Powerrangers 4" nie. Ons kan ongelukkig nie vir dié Powerranger punte gee nie. Indien u sukkel om die naam te verander, kan u die skakel gebruik vir 'n verduidelikende video:

<https://www.youtube.com/watch?v=VY1t3gz7yHA>



7. WISKUNDE TOEP

Die Wiskunde-departement is trots om ouers bekend te stel aan 'n nuwe Wiskunde-toep ("App") naamlik MathU infinity. Die Hoërskool Wonderboom is een van 'n handjievol skole in Suid-Afrika wat gekies is om gratis toegang tot die toep te ontvang. Dit gee ons graad 10-, 11- en 12-leerders die geleentheid om eerste deel te wees van hierdie groot vooruitgang in wiskunde-onderwys, juis met die gebruik van die nuutste tegnologie. Die gekoppelde ouerprogram stel ouers ook in staat om die vordering wat hul kinders maak te monitor. Loer gerus na die advertensie wat aangeheg is tot hierdie nuusbrieff.

MathU

8. TOEGANG TOT DIE SKOOL EN SKOOLURE



Volgens die nuwe departementele riglyne, moet alle personeel en leerders slegs deur EEN HEK toegang tot die skool verkry. Dit skep organisatoriese uitdagings, wat die skool so goed as moontlik gaan bestuur.

Ten einde toegang tot die skool in die oggende te vergemaklik, vra ons dat leerders reeds van 7:00 af deur die toegangshek sal beweeg. Klasse is ook verklein sodat sosiale afstande gehandhaaf kan word. Dit het egter tot gevolg dat die skoolrooster sowel as die skoolure moes verander. Die nuwe skoolure is dus 7:30-14:20.

Geen ouer of ander besoeker sal egter toegang tot die skool kan kry nie, sonder toestemming vanaf die Departement van Onderwys nie. U kan gerus na die vorige nuusbrieff gaan kyk om die stappe te sien indien daar 'n krisissituasie is, waar u dringend u kind moet kom haal.

Daar is ook 'n sanitasie-tonnel aan die skool geskenk. . Die tonnel gaan slegs gebruik word om leerders se skoene te saniteer ten einde te verseker dat virusse wat aan die skoene van leerders en personeel klou, hanteer word. Leerders sal dus nie van kop tot tone besproei word nie.

9. SAALOPENING

Die saalopening op Dinsdae was altyd 'n heerlike samekoms van alle Wonnies. Weens die huidige regulasies mag dit egter nie plaasvind nie. Daar is wel 'n Google Classroom vir Saalopening geskep, waar u en u kind elke Dinsdag 'n boodskap kan ontvang. Hier sal ook gereeld afkondigings, as deel van die aanbieding, geplaas word. Ons wil vra dat alle Wonnies deel word van hierdie klaskamer. Die kode is: **abrleqo**

10. AANLYN UITDAGINGS

Soos wat die personeel en leerders meer vertrouwd raak met die aanlynklasse, sal ons u gereeld op datum hou van hulp wat beskikbaar is. Graag deel ons met u die volgende:

Powerpoint: Dit het onder ons aandag gekom dat die powerpoint-lesse (met klank) nie op alle toestelle wil werk nie. Personeel sal van nou af die powerpoint as video stoor en so plaas.

Druk van leerder se werk: Ouers het hul kommer uitgespreek omdat baie ink gebruik word as 'n powerpoint gedruk word. Die leerders sou die werk in klastyd neergeskryf het. U hoef dus nie die totale powerpoint uit te druk nie. Indien u dit vir die leerder beskikbaar wil hê, kan u die powerpoint in 'n lêer stoor waar daar weer maklik toegang daartoe verkry kan word.

Tyd wat leerders aan werk spandeer: Die lesse wat geplaas word sal teen 'n tempo wees wat nie noodwendig die normale tempo van onderrig is nie. Werk sal egter genoeg wees om u kind konstruktief besig te hou en akademiese fokus te verseker.

Take: Die departementele riglyne rakende take maak nog nie voorsiening dat u kind 'n taak kan tik en ingee nie. Take / opstelle / langvrae ens. moet steeds in die leerder se eie handskrif wees.

Skandering van werk: Werk wat leerders in hul eie handskrif gedoen het, moet geskandeer word en via e-pos ingestuur word. Dit kan geskied d.m.v. 'n foto wat geneem word of die skandering van die werkstuk. U kan gerus gaan kyk na CamScanner. Dit is 'n toep ("App") wat op alle iOS en Android selfoontoestelle werk. U kind kan die toepassing gratis aflaai op hul foon. Sodra hul werk gedoen het, kan hul dit skandeer en instuur.



Tyd waarop werk geplaas word; Alle werk vir leerders sal voortaan teen 9:00 in die oggend geplaas wees. Dit gee leerders dan genoegsame tyd om hul werk vir die dag af te handel.

11. REISPERMITTE VAN LEERDERS

Graad 12-leerders sal op Maandag, 8 Junie, reispermitte ontvang. Hulle moet dit daagliks by hul hou ten einde te wys dat hul oppad skool toe is.

Ons glo dat hierdie nuwe uitdagings vir ons almal nog baie gaan leer. Moet dus asseblief nie huiwer om die skool te kontak as u enige navrae het of hulp benodig nie.

Wonnig-groete.

M LEZAR
SKOOLHOOF